NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 28
23 Julie 2026

*Op pad met Iwana…*

# Toegerus vir diens!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Predikante uit die Ring van Magalies het onlangs byeengekom vir 'n dag van gesprek, saam leer en wedersydse bemoediging. Die geleentheid, aangebied deur Gemeente Witfontein, was die inisiatief van di Janine Bevolo-Manders en Jimmy Manders. Dit was 'n geleentheid waar predikante saam kon nadink oor die uitdagings en geleenthede van gemeentebediening.**

Tydens die byeenkoms is 'n opleidingsprogram, wat deur dr Thinus van Staden ontwikkel is, bespreek. Hierdie program is reeds suksesvol in Gemeente Montana geïmplementeer. In die afgelope jaar is sowat 18 lidmate opgelei en toegerus. Die program is gebaseer op die droom om 'n Efesiërs 4-gemeente te wees waar elke lidmaat toegerus word vir diens en die liggaam van Christus so opgebou word. Die program help lidmate om hul eie roeping raak te sien en rus hulle toe om met groter selfvertroue in die gemeente en gemeenskap diensbaar te wees.

Die gesprek het vertrek vanuit die oortuiging dat bediening nooit net die verantwoordelikheid van die predikant is nie. Die Nuwe Testament skets juis 'n prentjie van die kerk as 'n liggaam waarin elke gelowige 'n unieke gawe ontvang het en geroep word om diensbaar te wees. Die uitdaging vir gemeentes is daarom nie bloot om vrywilligers vir take te werf nie, maar om mense te help ontdek hoe God hulle reeds toegerus het om 'n verskil te maak.

Die opleiding strek oor sewe weke en sluit verskeie temas in. Dit sluit 'n teologiese onderbou sowel as praktiese riglyne en vaardighede in. Daar word gesels oor riglyne vir hospitaalbesoeke, gesonde grense, die verskil tussen simbiose en differensiasie, die grense van ons kundigheid en mandaat, asook die bepalings van die POPI-wetgewing.

Die program fokus op die opleiding van lidmate wat 'n besondere hart vir mense het en bereid is om deur die jaar aanvullende besoeke te doen. Hierdie span funksioneer in noue samewerking met die kerkraad. Terwyl ouderlinge steeds hul opsigwerk doen en diakens hul barmhartigheidswerk verrig, vorm hierdie toegeruste lidmate 'n waardevolle uitbreiding van die gemeente se pastorale bediening.

Hoewel elke gemeente haar eie unieke konteks, uitdagings en gawes het, bied die program 'n bruikbare raamwerk wat maklik aangepas kan word om by die plaaslike behoeftes aan te sluit. Dit is nie bedoel as 'n rigiede resep nie, maar eerder as 'n praktiese templaat wat gemeentes help om na lidmaatbemagtiging te kyk. Deur die inhoud en werkswyse vir hul eie omstandighede kreatief te ontwikkel, kan gemeentes 'n kultuur vestig waarin gelowiges besef dat bediening nie tot ampsdraers beperk is nie, maar die roeping van die hele geloofsgemeenskap is.

Hierdie inisiatief dien ook as 'n uitnodiging aan ander ringe om soortgelyke toerustingsgeleenthede aan te bied. Indien ringe hul kennis, ervaring en goeie praktyke met mekaar deel, word die Kerk as geheel verryk. Predikante word daarom ook aangemoedig om opleidingsgeleenthede en byeenkomste van ander ringe by te woon. Só word nuwe perspektiewe ontdek en waardevolle netwerke gebou wat uiteindelik tot voordeel van gemeentes regoor die Kerk strek. Saam kan ons by mekaar leer en mekaar toerus om gelowiges al hoe beter vir hul roeping in God se koninkryk te bemagtig.

**Ds Iwana Kruger**
**(Pretoria-Oos en NHKA-joernalis)**

# Lief en leed



JD Hattingh

- **Johan en Clarika Hattingh** (Sinodale Dienssentrum), se seun, **JD**, was deel van die o/20 Junior Springbok-span wat die Rugby Wêreldbeker in Georgië gewen het. Ons wens die trotse Hattingh-gesin baie geluk!

- Die Eendrachtkring het laat weet van die **afsterwe van Maja Diamond,** wat ons vroeër geken het as **Marietjie Habig**, op 19 Julie. Ons dink in gebed aan die familie vir vertroosting.

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Julie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Donderdag 23 Julie: Ds CJJ (Juanita) du Preez (Pierneef)
  - Vrydag 24 Julie: Ds PJHS (Henk) Pienaar (Bosmansrust)
  - Sondag 26 Julie: Di A (André) Oberholzer (Witbank-Noord), PJ (Pieter) Steenkamp (emeritus), LJ (Louis) Steyn (emeritus)
  - Woensdag 29 Julie: Ds A (André) Thomas (Oos-Moot)
  - Donderdag 30 Julie: Di SJ (Sarel) Oosthuizen (Stilfontein-Wes), DW (Danie) van der Watt (emeritus)
  - Vrydag 31 Julie: Dr JH (Jan) Vorster (emeritus)

# Vergaderings

- Vrydag 24 Julie: Moderamen
- Dinsdag 28 Julie: TOF Beurs- en Leningskomitee
- Donderdag 30 Julie: Oudit- en Risikokomitee

# Gemeentes en bediening



Ds Louizé de Beer

- **Ds L (Louizé) de Beer** (Ottosdal/Sannieshof) (deeltyds) het 'n **beroep** na Wonderboompoort (deeltyds) **ontvang**.

- **Preekgeleenthede: Gemeente Phalaborwa**
  Gemeente Phalaborwa, geleë in die Bosveld en aangrensend aan die Krugerwildtuin, se werksruimte is tans vakant. 'n Beroep sal in die nabye toekoms uitgebring word. Leraars of proponente wat gedurende die tydperk **September tot voorlopig Desember** in die omgewing is en graag 'n preekbeurt wil waarneem, is welkom om met die skriba in verbinding te tree vir die nodige reëlings. Die vergoeding sal hanteer word soos voorgeskryf deur die kerklike reëlings. **Kontak gerus** vir Mornay Breytenbach by 079 307 6892 of **mornaybreytenbach97@gmail.com**. Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning en bereidwilligheid om die gemeente in hierdie tydperk te dien.



Die Van Zyl-gesin

- **Ds Antoinette van Zyl** is op Sondag 19 Julie deur ds Paul Buitendag georden en as predikant van **Gemeente Volksrust** in die amp bevestig. Diaken Mac van Zyl het namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die Akte van Ordening aan haar oorhandig. Die Kerk bid vir u in u roeping en verwelkom die Van Zyl-gesin in Gemeente Volksrust.

# Werkgeleenthede

- **Redakteur: *Die Christelike Vrou***
  Die NHSV-Hoofbestuur beskik tans oor 'n werkruimte vir die pos van redakteur van die NHSV se vrouetydskrif *Die Christelike Vrou*.

  *Die Christelike Vrou* dien as 'n amptelike mondstuk van die NHSV en vorm 'n integrale deel van die NHSV se beeld na buite. Voornemende kandidate, wat vertroud is met die NHSV se dienswerk in die Kerk, word uitgenooi om aansoek te doen. Hierdie NHSV-publikasie word maandeliks elektronies uitgestuur en word ook op die NHSV se webwerf geplaas. Die NHSV se kalenderjaar word gevolg om inligting en beeldmateriaal te versamel om die diensvelde van die NHSV te beklemtoon. Die kerkjaar en simboliek vind ook neerslag in artikels vir die Christelike vrou van vandag. Aktuele artikels vir vandag se vroue en resente tendense vind groot byval by ons leserspubliek en vorm deel van hierdie publikasie.

’n Joernalistieke agtergrond en betrokkenheid by ander kerklike publikasies en vrouetydskrifte sal tot voordeel wees van die voornemende kandidate. *Adobe Creative Cloud*-sagteware word tans vir die saamstel en uitleg van hierdie publikasie gebruik.

**Navrae en aansoeke:** NHSV-kantoor, Rozelda Nel en Mari-lizé Beukes. Stuur ’n bondige CV met relevante opleiding en ondervinding aan **admin@nhsv.org.za** en **m.beukes@mweb.co.za**.

**Sluitingsdatum: 03 Augustus 2026.** Onderhoude sal gedurende Augustus 2026 plaasvind. Die NHSV behou die reg voor om nie die pos te vul nie.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gemeente Eikenhof/Turffontein-kombinasie**
  Gemeentes Eikenhof en Turffontein in Johannesburg wag aansoeke in vir die vul van ’n deeltydse predikantswerkruimte ingevolge ’n samewerkingsooreenkoms tussen die twee gemeentes.

  Aansoeke word ingewag van **gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante** van die NHKA.

  Die aangestelde predikant sal verantwoordelik wees vir die bediening van beide gemeentes, met die klem op die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, pastorale versorging en die toerusting van lidmate. Die erediens en suiwere Woordverkondiging staan sentraal in albei gemeentes. Beide gemeentes is ook by verskeie projekte in by hul onderskeie gemeenskappe betrokke.

  Gemeente Eikenhof, gestig in 1954, het tans 83 belydende lidmate en Gemeente Turffontein, gestig in 1929, het 68 belydende lidmate. Die kerkgeboue is geleë te Pietersensingel, Kiblerpark (Eikenhof) en Presidentstraat, Turffontein.

  Geen pastorie is beskikbaar nie. Die aangestelde predikant moet dus self vir verblyf voorsiening maak.

  Die aanstelling geskied aanvanklik vir ’n termyn van een jaar, met die moontlikheid van hernuwing indien beide partye dit wenslik ag.

  **Vergoeding:** ’n Allesinsluitende pakket van R174 000 per jaar.

  **Navrae en aansoeke:** Aansoeke, vergesel van ’n volledige CV, moet aan ds Danie Malan gestuur word by **dmalan3@gmail.com**. Vir verdere navrae kan ds Danie Malan by 083 636 1586 of ds James Jooste by 073 228 5180 gekontak word.

  **Sluitingsdatum: 6 Augustus.** Kortlys-kandidate sal versoek word om ’n erediens in beide gemeentes te lei. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die Kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

  Die aanstelling neem ’n aanvang **op 1 Oktober 2026**.





## Kerklike en ander publikasies

- In die **2026 Winter-uitgawe van *Vroueflitse*** fokus die NHSV op geestelike verryking en geestesgesondheid. **Wilna Koekemoer** van Gemeente Marble Hall skyn die kollig op geestesgesondheid en die waarde van ***Leef stadiger… leef méér!*** Geestelike verryking van vrouelidmate word deur **Ronél Bezuidenhout** van Gemeente Rustenburg-Suid toegelig met die waarde wat samewerking, liefde, geloof en dankbaarheid toevoeg in ***Saamgesnoer.*** Klik op die skakel ***hier*** om ons publikasie aanlyn te lees.

## Kom kyk en luister saam

- Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op ’n Donderdag in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.




- Kom kyk saam na ons weeklikse **Blitsflits**. Hierdie episode is aangebied deur Corlia Saunders. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## ’n Gedagte

ek kom na u

my treë soek u paaie
my einde u begin
my boeke vra u blaaie
my dwaasheid vra u sin
my stof smag na u reën
my koue soek u huis
my armoede u seën
my sonde soek u kruis

u hande in my werke
u vrede in my stryd
u swakheid in my sterkte
u ritme in my tyd
u gees in my gemoed
u stilte in my drif
u tempo in my spoed
u woorde in my skrif

ek kom na u
na u alleen
hier stil voor u
voor u alleen

**Koos van der Merwe**
https://web.facebook.com/kooskunstenaar

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 25 Julie<br>vanaf 12:00 | **Gemeentes Vanderbijlpark & Rietspruit se Hoenderkarnaval:** Kom geniet ’n hoenderspyskaart van formaat! Voorgereg: hoendersop, hoofgereg: ’n halwe hoender, twee groentes, rys en nagereg: gebakte poeding en vla. Kuier saam by die kerk of kom kry ’n wegneemete. Kostes: R150 vir volwassenes en R100 vir kinders onder 12. Ander aktiwiteite sluit in stalletjies, skyfskiet, veerpyltjies, springkasteel, tuisbedryftafel en vele meer. **Kontak** ds Errol by 083 455 6922 of Sampie by 082 634 5646. |
| 25 Julie vanaf 08:00 tot laat | **Gemeente Lichtenburg-Oos se Hartklop Karnaval:** Daar wag hope **lekker eetgoed en prettige aktiwiteite** – iets vir elke smaak en ouderdom. Kom geniet die dag saam met familie en vriende, waar daar **lekkernye te kies en te keur** is!<br>**Spesiale Hoogtepunt:** Neem deel aan ons **5 km *ColourRun*** om **10:00** teen slegs **R50 per persoon** – pret en kleur vir almal!<br>**Kontak** ds Lammert van Rooyen by 074 866 8242 vir meer inligting. Moenie dit misloop nie – ons sien jou daar! |

| | |
|---|---|
| 25 Julie vanaf 09:00 tot 13:00 | **Gemeente Wonderboom hou basaar!** Kom kuier saam en **ondersteun DPS Pleegsorg** deur jou hare vir pleegsorg te kleur. **Allerlei lekkernye** sal te koop aangebied word, soos kerrie-en-rys, jaffels, pannekoek en worsbroodjies. Geniet heerlike soetgoed saam met warm koffie, tee of ’n cappuccino, U is welkom om ds Lillian by 083 255 2082 te kontak indien u belangstel om **’n stalletjie teen R150 te huur**. Kom deel in ons basaarpret met verskeie pryse en selfs ’n hondeskou. Ons sien daarna uit om u by Marjoramlaan 219, Wonderboom te verwelkom. |
| 1 Augustus | **Gemeente Ebenhaeser** hou hul **Wilde Weste Basaar**. Kom kuier by Kala se vleispaleis, Porra se groentestal of toets jou visier by Mielies se teikenskiet. Daar gaan die heerlikste basaarkos wees, soos sosaties, burgers, *wraps*, vetkoeke en nog vele meer. Onthou om ’n draai in die teetuin te maak en heerlike koek te eet. Stalletjies kan by Christine Kruger by 083 362 8504 bespreek word. |
| 1 Augustus vanaf 08:00 tot 14:00 | **Kort jy kleur in jou lewe?** Kom kuier by **Gemeente Wapadrant** se basaar en kleur of skeer jou hare ten bate van **DPS Pleegsorg**. Daarna kan jy lekker smul aan **basaarkos** soos vetkoek, sosaties of potjiekos. En dan is dit tyd vir basaarpoeding! |
| 1 Augustus van 08:00 tot 13:00 | **Gemeente Meyerton-Suid** hou **basaar** op die kerkterrein. Stalletjies is beskikbaar teen R100 per stalletjie. Kom kuier saam met ons. |
| 1 Augustus | **Gemeente Sionspoort se Vleisfees.** Kom geniet ’n dag vol vermaak. Groot **verskeidenheid kunstenaars**, kosstalletjies en markstalletjies sal beskikbaar wees. Toegang: R50 vir volwassenes en hoërskoolleerlinge en R30 vir laerskoolkinders. Die fees vind plaas by Tuinhekkie Boeremark in Randfonftein. |
| 8 Augustus om 07:00 | **Gemeente Hartebeestpoort** bied weer die jaar hulle 5de **Bosveld MTB** aan. Daar is ’n keuse van vyf afstande, naamlik: 4 km & 8 km *kiddies ride*, 36 km, 91 km en 156 km. Dit vind by Brits-vliegveld plaas. Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Vir navrae **kontak**: Ds Corlien van der Merwe by 083 654 8154, Marcel by die kerkkantoor 012 252 4315, Mechiel Ras by 072 605 1393, Mias van der Merwe by 083 320 2466. Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings en ***hier*** vir **inskrywings via Entry Ninja**. |
| 21 Augustus vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die **diens en herstel van die orrel**. Kostes: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van ’n **mini-basaar** aanneem. **Kaartjies** is beskikbaar by die kerkkantoor by 012 460 8441. Bring asseblief jul eie **kampstoele**. |
| 22 Augustus vanaf 14:00 | **Gemeente Outjo en Otjiwarongo: Kom speel saam met ons nagholf en geniet ons basaar.** Die nagholf begin 14:00 met nege putjies, gevolg deur aandete en ’n verdere nege putjies. By die basaar is daar onder andere heerlike pannekoek, biltong en stalletjies. Vir meer inligting, **kontak**: Sunet Hayward by 081 224 1717, Tony by 081 213 3720 of Elsebie by 081 229 6490. |
| 28 Augustus 19:00 | **Gemeente Schoemansdal: Magda Louw en haar Erhard** kom kuier met hul vertoning ***How Louw can you go?*** Kaartjies kos R220 per persoon en is beskikbaar by **Lezl by die kantoor** by 012 253 0146. Dit is ’n **fondsinsamelingsprojek ten bate van die NHSV**. |

| | |
|---|---|
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop 'n **lootjie** teen R100 en staan 'n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n **inbetaling** in die gemeente se bankrekening te doen. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie by 082 839 5669 gestuur word om u **kaartjienommer** te ontvang. |










## SP Engelbrecht-museum




## Toerusting



**AANLYN DOOPKATEGESE**

Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 by:
**https://www.dramekaarselaste.co.za/**
> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Dankie, o Heer, vir hierdie dag
vol van u genade.
Bly tog by ons in hierdie nag,
hou ons in u hande.
Ons wil U prys, o Here,
ewig u Naam ter ere.
U is die lig, U gee ons krag –
U is ons goeie Vader.

Amen.

(VONKK 168)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger